MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 6/2025 **17 April 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Joh. 3:16 Die Bybel(1953)

Op die vooraand van Paasfees hoop en glo ek dat elkeen van julle, Christen of nie, die liefde van ons Hemelse Vader gedurende hierdie Paasfees sal ervaar. Ek wens elke gesin kwaliteittyd saam met julle geliefdes toe en mag diegene van julle wat swaarkry, vetroosting in die liefde van Christus vind.

Die eerste tekens van herfs in die lug is 'n herinnering dat die wintersportkodes saam met die Junie-eksamen die tweede kwartaal oorheers. Baie geluk aan ons atlete wat skitterend tydens die onderskeie junior SA's presteer het. Volledige sportuitslae is in die sportafdeling van hierdie nuusbrief beskikbaar. Midstream College-leerders het regoor die land vir hul onderskeie sporttoere gereis, en waardevolle praktiese ervaring opgedoen. Sterkte met die moeilike ligawedstryde wat voorlê en onthou die wyse woorde van Vince Lombardi:

> *The price of success is hard work, dedication to the job at hand, and the determination that whether we win or lose, we have applied the best of ourselves to the task at hand.*

Ons tiende Belgiese uitruilgroep, die sewende van St. Franciskus in Ghent, het twee weke gelede by ons aangesluit en verlaat ons more. Hulle het reeds alles wat die Suid-Afrikaanse weer kan bied, hier en in die Kaap, beleef. 'n Groot woord van dank aan al die ouers, leerders en onderwysers wat hulle trakteer en gehuisves het.

Onderwysers is besig om die leerders se punte te finaliseer en hulle eerste kwartaalrapporte sal volgende Dinsdag elektronies beskikbaar wees. Neem asseblief kennis van ons eerste oueraand, volgende Donderdag 24 April vanaf 16:00. Laat jou kind afsprake met die onderskeie onderwysers maak wat julle graag wil sien. Vanuit 'n College en akademiese perspektief kan te veel onderbrekings en lang naweke uitdagings bied. Dankie dat julle verseker dat julle kinders nie enige skooldae gedurende April mis nie.

Op 'n persoonlike noot word my geduld met my oog getoets, en gaan ek juis vandag in vir 'n opvolgoperasie, maar ek glo ek sal Dinsdag weer op my pos wees. Op 'n positiewe noot het my dogter Mia, verlede week verloof geraak. ☺

Soli Deo Gloria.

VAKVERANDERINGE

Alle versoeke vir vakveranderige moet na die Visehoof van Akademie, me Madelaine Matthys, ge-e-pos word by mmatthys@midstreamcollege.co.za. Neem asseblief kennis dat geen vakveranderinge vir hierdie kwartaal na 30 April toegelaat sal word nie.

JUNIE-EKSAMENROOSTER

Die finale weergawe hiervan is op die leerders se tablette geplaas en is ook op die skool se webwerf beskikbaar. Let asseblief daarop dat geen leerder van ‘n geskeduleerde eksamen verskoon kan word vir verlengde vakansiedoeleindes nie. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

RISE AGAINST HUNGER

‘n Groot dank aan al die graadtiens wat tans besig is om elk R400 ten bate van hierdie projek in te samel wat ‘n groot verskil in die lewens van minderbevoorregtes sal maak. Indien u ‘n addisionele bydrae tot hierdie verdienstelike saak wil maak, word u versoek om óf me Michelle van Niekerk (mvanniekerk@midstreamcollege.co.za), óf mnr Hannes Verhoef (hverhoef@midstreamcollege.co.za) te kontak.

SPORT

Klik op die skakel vir sportuitslae.

KULTUUR

Klik op die skakel vir kultuuruitslae.